

Oordeel oor Juda: Val van Jerusalem	Klaagliedere na die oordeel	Latere verwante oordeel
II Kon 25, II Kron 36, Jer 39, Jer 52	Klaagliedere 1-5, Psalm 79-81 en 137	Obadja, Openbaring 18
605vC tot 586vC in die tyd van konings Joahas en Jojakim, Jojagin en Sedekia en Babiloniese ryk		

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	II Kon 17, II Kon 25	II Kron 36
Di	Jer 39	Jer 52
Wo	Klaag 1	Klaag 2
Do	Klaagl 3	Klaagl 4
Vry	Klaagl 5	Obadja
Sat	Ps 79	Ps 80, 81
Son	Ps 137	Op 18

en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie. (Klaagliedere 3:22)

Na baie jare van waarskuwing deur profete het God uiteindelik die oordeel voltrek. Die ballingskap is die laagtepunt in die volk se geskiedenis. Die gebeure vind plaas oor 19 jaar met laaste konings Joahas en Jojakim, Jojagin en Sedekia.

In 605 vC het Nebukadnesar van die tempelskatte beroof en ook lede van die adellike afkoms van Israel weggevoer in ballingskap (bv. Daniël en sy vriende). Dit was in die twintigste jaar van die profeet Jeremia. Hy is nie as balling weggevoer nie, maar deur vlugteling na Egipte saamgevat.

Die ander profeet wat in ballingskap weggevoer is, was Esegïel. Hy is agt jaar later weggevoer. Die finale val van Jerusalem het na 'n twee jaar beleg in 586 vC gebeur. Die tempel, die simbool van God se teenwoordigheid, is tot as verbrand.

Ons sien ook in die boek Klaagliedere (waarskynlik ook deur Jeremia geskryf) die diepe droefheid oor die beleg en verowering van Jerusalem. Die klaaglied stem ooreen met klaagliedere wat tydens begrafnisse gesing is. Die boek bestaan uit vyf hoofstukke – elk 'n alfabetiese gedig met 22 reëls. Die middelste lied (hoofstuk 3) bestaan uit 66 reëls en vorm die kern van die boek. Die middelste verse van hierdie middelste lied gee vir ons 'n wonderlike boodskap van hoop.

Obadja beskryf die Edomiete se kwaadwillige verheugtheid oor Juda se ondergang. Behalwe Babilon word Edom die meeste veroordeel in die Bybel. Lees maar ook Jesaja 34, 63; Jeremia 49 en Esegïel 35. Die eeue wedywering het ontstaan uit die nageslagte van Esau en Jakob. Die Edomiete het Israel gehaat omdat God hulle bevoordeel het. Dit was ook hulle wat Israel se deurtog geweier het toe hulle deur die woestyn getrek het. Obadja het Edom gewaarsku dat die dag van vergelding mettert tyd sou aanbreek.

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Die val van Jerusalem (II Kon 25; II Kron 36; Jer 39 en 52).

Jongman, grysaard, selfs invalide nie ontsien,
ja, tot in die heiligdom het hul die dood gesien.
Die heilige voorwerpe is saam na die vreemde land.
Die tempel van die Here is heeltemal afgebrand.

Vreeslik baie is wreed vermoor:
Net vierduisendehonder vir ballingskap oor (Jer 52:30).

Jeremia se profesie het verklaar:
In ballingskap vir sewentig jaar.

Klaagliedere

Klaagliedere is 'n interessante boek
Elke vers begin met 'n letter van die alfabet
In sy middel moet jy die boodskap soek,
dis net God wat uit die nood kan red:

Ek bely: Deur die liefde van die Here kom ons nie om,
Sy liefde is elke môre nuut. U trou: groot is die som!
Ek sê: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.

Obadja

So sê die Here oor Edom:
"Al die nasies moet kom!
Saam moet ons oorlog maak,
want teen Edom het Ek 'n saak!" (Ob 1:1)

Jy is deur jou vermetelheid mislei.
Jy dink: Wie sal my hier bo kan afkry?
Al het jy tussen die sterre jou vesting gebou,
ook daar sal jy jou oortredings berou... (Ob 1:2-4)

Daardie dag sal Ek alles stroop.
Selfs jou vriende sal oor jou loop.
Die wat jy gehelp het, sal jou daag.
Jou eie bondgenote sal jou jaag. (Ob 1:5-9)

Jy word gestraf, dis My woord,
oor jou broervolk se moord.
Toe hulle in ballingskap gaan,
het jy afsydig daar gestaan. (Ob 1:10-11)

Toe die ramp hul tref was jy daar
en het hulle goed vir jou vergaar.
Oor hul lot het jy jou verheug,
op vlugteling moord gepleeg. (Ob 1:12-14)

Die op Sionsberg word bevry,
hulle sal Esau se bergland kry.
Die heerskappy behoort aan die Heer:
Gee aan Hom alle eer! (Ob 1:21)